



Fynbos

Kleinmond

Natuurbewaringsvereniging
Nature Conservation Society

No/Nr 181 Julie 2025

Reg no / nr 005-622 NPO

www.kleinmondnbv.co.za

info@kleinmondnbv.co.za

'n Fynbosfees

vir ons 50ste

– Carl Swart

Dis die maand Oktober, die mooiste, mooiste maand, het C Louis Leipoldt gereken. Die vereniging stem saam en eerskomende Oktober gaan ons feesvier.

Hoekom? Die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging is in die einste mooiste maand van 1975 amptelik gestig.

Deur die jare het die doel van die vereniging dieselfde gebly: om Kleinmond se pragtige natuurskoon te beskerm; om die pas aan te gee met die bestryding van die uitheemse indringerplante en om Kleinmonders en ander die kans te gee om betrokke te wees by praktiese bewaringsprojekte.

In Nuusbrief #1 van 1978 is daar geskryf: *In Kleinmond en sy onmiddellike omgewing is daar 'n groter verskeidenheid plantegroei as in enige ander gebied – groot of klein – op die ganse aardbol.*

Dit is wonderlik, maar beteken niks as ons nie hierdie rykdom beskerm en vir ons kinders nalaat nie. Vandaar ons feestema: **Biosphere living in Kleinmond / Kleinmonders in die Biosfeer.**

The **Kleinmond Fynbos Festival** is planned for 3 – 11 October 2025. The well-known botanist, Leon Kluge, who recently won gold for South Africa at the Chelsea Flower Show in the UK, will be our speaker at a gala event. A website introducing Kleinmond's fynbos will be launched at this event.

Kleinmond's photographers will capture the theme of "Biosphere living in Kleinmond" with their best photographs in September. And learners in local schools are invited to draw, to do art, write, take photos and make videos about how they experience the biosphere during the third term. All the winning entries will form part of the exhibitions in the library during the festival week.

Die nuwe logo hieronder is ontwerp vir gebruik in die feesjaar. Ons glo dat die suikervoël, Botrivierprotea, die berg en die see saam iets vertel van die wonder van Kleinmond en sy fynbos.

In die week van 3 – 11 Oktober sal daar begeleide uitstappies wees om die fynbos en sy biodiversiteit te ontdek. Daar sal lesings wees oor plaaslike blomplante, voëls, goggas, die wilde perde en vele meer. Besoekers sal fynbos in geregte kan proe en 'n aand vol musiek kan beleef. 'n Spesiale jeugprogram word ook beplan.

Teken die datums in jou dagboek aan en kom vier saam fees!



50

Jaar van beskerming
Years of protecting

Bestuiwers

Sonder hulle kan ons nie oorleef nie

Kaapse suikervoël (*Promerops cafer*)
Foto: Carin Malan

Plante – en indirek die mens – se voortbestaan word verseker deur die stuifmeel wat baie mense hooikoors gee.

Om die gene-poel van plante divers te hou, moet stuifmeel van die stuifmeelknop van een plant na die stempel van 'n ander plant oorgedra word.

Plante het baie slim maniere om hierdie oordrag te bewerkstellig.

Eerstens is daar 'n hele leërskaare diere en goggas wat daarmee help. Hulle doen dit natuurlik nie verniet nie, en die plante “betaal” hulle met heerlike soet nektar (baie energie!) en uiters voedsame stuifmeel.

Blomme lok insekte met hul helder kleure. Die mooi skoenlapper genaamd bergnooientjie word veral aangetrek deur rooi, en hulle is juis aktief in die hoogsomer. Dit is dan ook die piekblomtyd van onder andere *Disa uniflora* (rooi disa), *Disa ferruginea* (tros-disa), *Tritoniopsis triticea* (rooi bergpypie), *Watsonia schlechteri*, *Crassula coccinea* (rooi klipblom), *Haemanthus coccineus* (verfkwas, April fool) en *Haemanthus sanguineus* (velskoenblaar).

Sommige insekte kan net blou en geel onderskei, en dit is byvoorbeeld waarom jy so dikwels sien hoe bobbejaankewers bene in die lug hulle koppe in geel magriete begrawe.

Blomme lok ook met hul heerlike geure.

Wit blomme skei dikwels saans 'n soet geur af, en dit lok verskeie naglewende motsoorte.

Ander skoenlappers hou van 'n vrot-vrugtereuk.

'n Aasreuk is nie juis aanloklik vir mense nie, maar onweerstaanbaar vir brommers en vlieë.

Baie insekte word natuurlik deur 'n verskeidenheid blomme gelok; nie almal is spesialiste nie. Hulle soek dikwels die plante waarop hul eiers wil lê, en gebruik dan die blomme vir voeding.

Baie blomme maak egter seker dat net spesialiste hulle besoek. Hulle het byvoorbeeld 'n platvorm (*Na volgende bladsy*)

– Thea Brink



Kaapse heuningby
(*Apis mellifera ssp. capensis*)



Fynbos blue butterfly
(*Tarucus thespis*)



Skrynwkerby
(*Xylocopa caffra*)



Clearwing moth
(*Alonina pyrocraspis*)



Bobbejaankewer
(*Scarabaeidae Tribe: Hopliini*)



Bergnooientjie
(*Aeropetes tulbaghia*)

Bestuiwers

(Van vorige bladsy)

waarom 'n insek kan land. Is die insek swaar genoeg, druk sy gewig 'n hefboom af wat die stuifmeel en nektar beskikbaar stel vir die insek.

En sommige blomme wag vir die sogenaamde gonsbestuiwers. Hulle stel eers hulle stuifmeel vry wanneer die insek sy vlerke teen 'n sekere toonhoogte laat gons. Hulle soek nie insekte wat net hul nektar kom eet en nie help met bestuiwing nie.

Baie fynbosblomme sal nie sonder suikerbekkies en suikervoëls kan voortbestaan nie. Die voëls se bekke pas presies in die blom se lang buise. En terwyl hulle die soet nektar diep in die buis opsuig, vryf die stuifmeel by die punt van die buis op hul kop en borsverf af, net om by die volgende blom agtergelaat te word.

Een van ons kontrei se interessantste bestuiwers is die Kaapse streepmuis, wat hulle veral op die kaserige reuk van grondproteas toespits.

Moet ook nie die wind vergeet nie! Blomme wat deur die wind bestuif word, is meestal klein en onopsigtelik, maar die plant is gewoonlik oortrek van blomme.



Magriet Brink

***Ferraria crisa* met sy aasreuk is baie aantreklik vir brommers.**

Wanneer die stuifmeel ryp is, laat die geringste beweging in die lug sigbare wolkies stuifmeel vry om na nabygeleë blomme te sweef. Jy het dit sekerlik al gesien as jy op die regte tyd verby die gonnabosse by Vierde Straat se punt en langs die kuspaaadjie loop en per ongeluk aan hulle raak.

Palmietplankers



Hoed af vir die Palmietplankers wat met hulle harde werk omsien na die Palmietplankiespaadjie en reeds 'n groot deel met betonblokke vervang het. Hier is Gert Swanepoel, Philip Visser, Carlo Böhmer, Gerrit van den Dool, Hennie Kotze en Jan Stander tydens hulle werksdag op 24 Junie 2025.



KNCS Annual General Meeting

The keynote speaker Ismail Ebrahim, project manager of CREW (Custodians of Rare and Endangered Wildflowers).

KNCS's management committee: Christa van Schalkwyk, Gerrit van den Dool, Carl Swart (vice chairperson), Vic Brink (chairperson) Botha Maree, Gawie Winterbach and Justin van den Hoven. Absent: Jan Stander and Thea Brink.



Custodians of Rare and Endangered Wildflowers

CREW-lede werk onvermoeid en onverpoosd om skaars en bedreigde plante te beskerm

Ons het Magriet Brink gaan vra waarmee plaaslike CREW-lede besig is. CREW kan beskryf word as die mense op die voorhoede: dis hulle wat bedreigde en seldsame plante in die veld gaan soek en opteken. Die Kleinmonders het al 'n paar opwindende ontdekkings gemaak, maar kan ook hartseer verhale vertel van plante wat dekades laas in die veld gesien is.

Die mooie Kogelberg het onlangs gasheer gespeel vir die Wes-Kaapse afdeling van CREW se jaarlikse werkswinkel.

CREW-vrywilligers en personeel van tot so ver as Grahamstad en KwaZulu-Natal het vir 'n naweek by die Mizpah Jeugkamp net buite Grabouw vergader. Met dramatiese wintertonele oor Kogelbergdam het ons die geselskap van mede blommetjie-beheptes terdeë geniet.

Tussen reënbuie en insiggewende voorleggings was daar ook tyd vir twee uitstappies in die veld, met 'n keuse tussen Solva in die hartjie van die Elgin-vallei, Paul Cluver se fynbosbedekte berghange, en die Grabouw-skietklub net langs ons tuiste. En selfs in die middel van die winter het die fynbos nie teleurgestel nie.

As CREW-vrywilligers is ons fokus in die veld eerstens daarop om plante van bewaringsbelang op te spoor, en dan deeglik te monitor vir bevolkingsgrootte sowel as sigbare bedreigings.

Elke CREW groep het 'n lysie teikenspesies waarop ons ons soektogte fokus, en ons uitstappies word fyn beplan volgens blomseisoen en moontlike liggings. Die uitdaging is groot: party van ons teikens is op privaat grond wat ontoeganklik is, in berge waar daar geen voetpaadjies is nie, of is dalk dekades laas gesien. Sommige gaan verlore in veld wat te lanklaas gebrand het, verloor die stryd teen indringerplante, of verdwyn onder die konstante opmars van ontwikkeling.

Maar dan duik daar elke nou en dan 'n bedreigde plantjie op in 'n plek waar die omstandighede nêr reg is, en daar is sowaar 'n CREW-oog om hom raak te sien.

Een so 'n plantjie is *Erica extrusa*, wat in 'n klein kolletjie kwarts-klippers reg langs die skietklub groei. Die veld het twee jaar gelede gebrand, en hierdie 10 cm hoë struikie met sy pienk klokkiesblomme is verlede jaar daar deur die Hottentots-Holland CREW groep herontdek. Ons het die bevolking tydens die werkswinkel besoek en het dosyne nuwe plantjies getel, en daar was genoeg wat reeds geblom het sodat ons saad kon versamel vir *ex situ* bewaring.



Mimetes capitulatus, een van die skaars *mimetes*-spesies wat in ons berge deur Crew-lede raakgesien is.



Die *Erica extrusa* met sy pienk klokkiesblomme wat verlede jaar daar deur die Hottentots-Holland CREW-groep herontdek is.

Botaniste en natuurliefhebbers is gereed in vervoering wanneer hulle die kans kry om op ons 50 km lange voetpaadjies te stap. Hulle is verwonderd oor die ryke verskeidenheid plantlewe en oor die feit dat dit reg rondom die dorp en binne bereik van al sy inwoners is. En oor die feit dat dit gratis is! Ons besef nie aldag hoe bevoorreg ons is om hier te bly nie.

Die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging vier vanjaar sy 50ste bestaansjaar, en ons het 'n paar mense genader om in die argiewe te gaan rondblaai en meer te vertel oor die vereniging – en die dorp – se komvandaan.

Die storie van Kleinmond se Kus- en Bergnatuurreservaat

– Carl Swart



Annie Hofmeyr sê in haar boek *Kleinmond, Toe en Nou* dat sommige raadslede van die munisipaliteit in die middel 1970s bekommerd was “dat entrepreneurs die stuk grond geleë langs Kusweg ... kan ontwikkel” en dat Kleinmond sy pragtige uitsig op die see en die natuurlewe daar kan verloor.

Daarom het raadslede die wenslikheid van 'n natuurreservaat bespreek en 'n memorandum vir die munisipaliteit voorberei. Op 25 Oktober 1975 is 'n voorstel van raadslede NC van Huysteen, A Pauw en JG Louw aanvaar dat “die kusstrook geleë tussen Kusweg en die hoogwatermerk vanaf die rotse aan die wespunt van Sandownbaai in die Ooste ... en in 'n westelike rigting tot by die mond van die Palmietrivier geskik is vir die verklaring tot 'n natuurreservaat”.

'n Jaar later is dié gebied as die Kleinmond Kusnatuurreservaat geproklameer. 'n Adviesraad is aangestel om die reservaat namens die munisipaliteit te bestuur.

In 1978 word staatsgrond van 330 ha, bekend as die Melkbos-uitspanning, aan die munisipaliteit oorgedra. In dieselfde jaar word hierdie gebied weerskante van die Palmietrivier by die reservaat ingesluit. Dit sluit ook Fairy Glen en Feetjiesbos aan die noordekant in.

Van die belangrike take met die vestiging van die reservaat was om indringerplante en -bome, veral mirte en Port Jackson, uit te roei; kennisgewingsborde op te rig; sekere paaie vir voertuie te sluit en om voetslaanpaaie te bou.

Die eerste wandelpad, die Laura Wesselsvoetslaanpad aan die oostekant van die reservaat, is in Desember 1979 ingewy. Die kuswandelpad en wandelpaaie aan

die westekaant van die Palmietrivier het kort daarna gevolg.

In Desember 1982 kondig die munisipaliteit aan dat nog 300 ha by die reservaat gevoeg gaan word. Die gebied sou van die Palmietrivierbrug na die kruin van die Perdeberg strek en die Drie Susters-omgewing insluit. Hierdie rots- en grondformasies en skalieband wat nie elders in die reservaat voorkom nie, huisves 'n unieke verskeidenheid van plantsoorte en van die land se mooiste veldblomme.

Aangesien berggrond nou deel van die reservaat was, is daar in 1984 aanbeveel dat die naam verander word na die Kleinmond Kus- en Bergnatuurreservaat.

Enkele jare na die aankondiging van die 300 ha-uitbreiding in 1982 is ontdek dat dié gebied nooit formeel by die reservaat ingelyf is nie. Die prosesse het ongelukkig jare lank gesloer, maar na uitgerekte onderhandelinge, die nodige opmetings deur 'n landmeter en die inwin van besware is dié berggedeelte uiteindelik in 1989 finaal by die reservaat ingelyf.

In daardie tyd het ons vereniging saam met die Adviesraad gewerk aan 'n register van weeklikse waarnemings oor die rehabilitasie van die veld en die voorkoms van indringers. Die register se inligting, veral na brande, was onmisbaar vir die bepaling van 'n wetenskaplike bewaringsbeleid.

In 1991 is daar met waardering kennis geneem dat die munisipaliteit dit oorweeg dat die reservaat by die stigting kern van die Kogelberg Biosfeer ingelyf moet word.

Die grense van die reservaat is in 2000 vir 'n vierde keer uitgebrei met 'n deel van erf 5462 in die omgewing van die gholfbaan en 'n deel van erf 5453 wat die steil kranse onder Kasteelkop insluit.

In dieselfde jaar is daar inligtingsborde in die kusreservaat aangebring oor die unieke fauna en flora. In 2021 is hierdie inligtingsborde nuwe lewe gegee – sommige het nuwe rame en voetstukke gekry, terwyl ander se gedrukte plate vervang is.

En ons kan maar net mnr HC Cooper van die Natuurlewevereniging van SA se skrywe van 1978 beaam: “*U plaaslike reserwe is inderdaad 'n ware planteparadys wat eenvoudig skouspelagtig is wat sy uitsig, blommerykdom en verskeidenheid betref. Ek weet van geen mooier munisipale natuurreservaat in die hele Suid-Afrika nie.*”

The story of Rooisand

– Carl Swart

The earliest written reference to the Rooisand Outspan reported in the Fynbos newsletter is a British Admiralty map dated 1913. It shows the “Botte River Lake”, “Roi Zand” and “The Kiel”.

Human activity in the area had, however, started centuries earlier. Early stone-age tools, including large hand-axes, have been found on the gravel hills of Rooisand, probably pre-dating the Khoisan presence in the area. The Khoisan left extensive fish-traps and middens with pot shards and beads in the dune field as evidence of their presence.

Rooisand is an L-shaped property, in places scarcely 100 m wide, extending down the north-western shore of the Bot River lagoon to the sea. It includes an extensive dune field to the east in the direction of Hawston. The vegetation is a mix of renosterveld, mountain and coastal fynbos.

The property has apparently always been Crown or State land, and during the 1960s control of Rooisand was vested in the old Caledon Divisional Council (CDC). The CDC leased the property on tender for periods of up to eight years. From a conservation point of view control of the property was very weak – there was overgrazing by cattle and sheep; wildflowers were poached; gum trees were planted for beekeeping and tortoises were collected for export. By 1980 large areas were covered by alien invasive trees, including gums, myrtle, acacias and hakea.

In 1983 the Ecological Clubs for Children Organisation (EKKO), run by Peter Slingsby, acquired an eight-year lease on the property. The organisation provided environmental education for disadvantaged children in the Western Cape. This fact immediately created problems in the CDC as Rooisand had been declared a “white” group area in the 1960s and the CDC attempted to evict EKKO from the property. EKKO appealed to the Cape Nature Conservation Society, but they were not prepared to “interfere in the affairs of the CDC”. Fortunately the CDC was dissolved shortly after that and replaced by the Overberg Regional Council. The eviction efforts were dropped and EKKO could continue using the property.

That was until a spring day in 1990 when a police helicopter landed at Rooisand with three generals. These high-ranking officials spent the day inspecting the property and enjoying a braai. When asked about the reason for the visit the generals indicated that they were taking over the property to build a holiday resort and rehabilitation centre for SAPS.

Fortunately EKKO knew that if a government depart-



***Lachenalia lutea* (clay viooltjie), one of many special species found in the renosterveld of Rooisand.**

ment wanted to use any undeveloped state land, the property first had to be offered to the provincial nature conservation department. EKKO set up an urgent appointment with the Cape Administrator, Mr Kobus Meiring and the director of the Department of Nature Conservation. The director was not really interested in another nature reserve, but Mr Meiring instructed the department to assess the property. A short while later the police withdrew their interest and the Rooisand Nature Reserve became a reality.

Interestingly a report, *Estuaries of the Cape*, by prof. A Heydoorn and K Tinley had been published a decade earlier. The authors recommended that the Bot River vlei and the Kleinmond marshes be preserved as a nature reservation.

In 2001 Arabella offered to provide funds to rehabilitate Rooisand and create birding facilities. Arabella would not have any rights of access or use of the property. Arabella was requested to do an environmental impact assessment. A contract would only be signed if this assessment was approved. However, a year later a public meeting unanimously requested that the 50-year contract between the Cape Nature Conservation Board and Arabella be set aside. This clearly did not happen as Arabella funded the first boardwalk and the bird hide that was built in 2010. Exactly when Arabella withdrew is not clear.

In January 2017 the Bot-Kleinmond Estuarine System was designated South Africa’s 23rd Wetland of International Importance. The site is recognised as one of the 10 most significant wetlands for waterbirds in South Africa. Efforts are being made to include the Kleinmond wetlands as part of the Ramsar site, so far without success.

Due to the damage to the boardwalk at Rooisand in September 2023 the reserve was closed to the public in December 2024. It remains closed.

KNBV in die SPAR-sentrum

Oud-komiteelid Hermie van der Merwe het deur ou nuusbriewe geblaai en vertel iets van ons vakansie-uitstallings in die SPAR-sentrum.

Die KNBV-komitee wou graag ons werk aan vakansiegangers bekendstel en hulle (en natuurlik die inwoners ook) nooi om betrokke te raak by die bewaring van ons mooi omgewing.

Die uitvloeisel hiervan was 'n uitstalling by die SPAR-Sentrum in die Desember-vakansie van 2014 om die KNBV en sy werk bekend te stel.

Die eerste uitstalling het drie dae geduur en is deur vrywilligers beman in die tye wanneer die SPAR oop was. Die samewerking en entoesiasme was aansteeklik.

Komiteeledede het hard gewerk om 'n aanskoulike ervaring te skep. Henriëtte Botha se uitstekende uitstalling van skulpe en die seelewe was 'n treffer. Veral gewild was die houer waaruit besoekers vir hulle mooi skulpe kon uitsoek. Leon Louw en Mariaan Guest was aan die roer van sake by die uitstalling van inheemse fynbos-spesies. 'n PowerPoint-aanbieding wat ons unieke omgewing, die voetslaanpaaië en natuurlik die vereniging bekend gestel het, is deurlopend op 'n televisieskerm vertoon. By die inligtingstafel kon mense stapkaarte koop, by die vereniging aansluit of donasies gee.

Mense het van vroegdag af kom kyk en lekker gesels en gekuier. Die gawe vrywilligers was ook deurentyd daar om almal se vrae te beantwoord.

Die uitstalling was só 'n groot sukses dat dit weer in 2015 en 2016 aangepak en uitgebrei is.



Why should Rooisand be treasured?

- Its history: It contains evidence of the very first inhabitants of the area thousands of years ago.
- Its international importance: It is part of the Bot-Kleinmond Estuarine system, in 2017 designated a Wetland of International Importance.
- Its birds: One of the 10 most significant wetlands for waterbirds in South Africa.
- Its fauna and flora: It is one of very few remaining renosterveld and coastal fynbos areas, both of which are disappearing at an alarming rate.
- This very small area contains within it the potential of conserving some of South Africa (and the world's) rare and rapidly disappearing fauna and flora.

Fynbos is die nuusbriewe van die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging

Saamgestel deur die redaksionele komitee

Artikels, behalwe herdrukke uit ander bronne, mag sonder verloop herdruk of aangehaal word, mits die bron, *Fynbos*, erken word. Die menings van die artikelskrywers is nie noodwendig die opinie van KNBV nie.

Fynbos is the newsletter of the Kleinmond Nature Conservation Society

Compiled by the editorial committee.

Articles, except reprints from other sources, may be reprinted or cited without permission provided the source, *Fynbos*, is acknowledged. The opinions of the authors are not necessarily those of KNCS.

Kontakbesonderhede:

Voorsitter: Vic Brink (brinkvic@gmail.com)

Redakteur: Thea Brink (brinkthea@gmail.com)

More than R50,000 raised during Arabella Golf Day

– Carl Swart

Members of the KNCS managing committee met with Michael Phillipson, the manager at Arabella, and Rory Allardice, Arabella's environmental consultant, two years ago for a very positive discussion regarding invasive species control. It was during that meeting that the offer was made for the KNCS to host a golf day on Arabella's course as a fundraising event, without paying green fees.

However KNCS did not have the expertise to organise such an event. After several discussions and inquiries Christine Whitehead was suggested. She plays golf, had previously worked at Arabella, and had organised several golf days before. And she was willing to assist us with the arrangements. Karin Hendrikz was also part of the team.

The date was set for 5 June 2025, and Christine began putting a plan into action. A main sponsor had to be secured. Fortunately, she knew Civil2000, who were working on the R43 and they agreed to a sponsorship of R20,000. PSG contributed R5,600.

We were allowed to enter 10 four-ball teams. Players were found, the weather was beautiful, calm and sunny. The day concluded with a prize-giving and auction. The feedback was very positive. The proceeds from the day will be used, among other things, to purchase equipment for the hacking group.



Afslaer André du Toit, Christine Whitehead, Karen Hendrikz, and Carl Swart in the Arabella golf clubhouse during die prize giving.



Michael Phillipson from Arabella hands over two new reciprocating saws to Carl Swart as part of the equipment purchased from the proceeds.

The Slingsby/Walters Fund

The Kleinmond Nature Conservation Society recently established the Slingsby/Walters Fund with the approval of both families. The fund was established to be used for special projects.

Peter Slingsby was a board member of the society from 1977 to 1993. He helped to get the area surrounding Kleinmond declared a nature reserve and played a major role in convincing the provincial government to declare Rooisand a nature reserve. He further invested in the next generation by starting an ECCO programme for school children and today many of them play important roles in nature conservation.

Dr Schalk Walters was 'n bestuurslid van die vereniging van 1994 tot 1997 en ere-president van 1999 tot sy dood in 2008. Sy groot bydrae was egter sy betrokkenheid by KOBIO (Kogelberg Biosphere Association) wat hul beywer het vir die totstandkoming van Suid-Afrika se eerste UNESCO erkende biosfeer-reservaat. Sy groot entoesiasme, onvermoeide ywer en sterk leiding in hierdie verband is einde 1989 beloon toe UNESCO

die Kogelberg Biosfeer Resevaar goedgekeur en geregistreer het.

The contribution of these two pioneers ensured that the Kogelberg with its exceptional biodiversity, in particular its fynbos vegetation, will be protected for future generations.

You and I now have the responsibility to make sure that this area, home to more than 1 880 plant species, many of which are endemic, remains a pristine protected area to be enjoyed by generations to come.

Please make your donation to the Slingsby/Walters Fund as the society celebrates its 50th anniversary.

R100 **R250** **R500** **Other amount**

**Bank account: Kleinmond Nature Conservation Society
Nedbank Kleinmond, Code 198 765**

Account number: 103 244 5297

Reference: SWF + your name and surname

The fund will only be used for designated projects, not normal budget items.